**30 Junie**

**Ek wag op die Here**

**Skrifgedeelte: Psalm 130**
**Fokusgedeelte: Psalm 130:5-6**

Dit is so dat die lewe ons by geleentheid in ontsaglike dieptes kan inslinger (vs 1). Dieptes is gewoonlik omstandighede waarin dit emosioneel geweldig donker om jou is en waaruit jy geen uitkoms sien nie. Jy kom in donker dieptes gewoonlik om twee redes: die een is omdat jy moontlik sonde teenoor jou naaste (en dus teen God) gepleeg het en die gevolge daarvan die lewe vir jou donker maak (vs 3). Of jy word eenvoudig deur slegte gebeure buite jou beheer in donker dieptes gegooi.

In sulke omstandighede stel die psalmdigter twee sake voor: eerstens moet jy jou sonde bely en werklik glo dat daar vergifnis vir jou bestaan (vs 3). Hiermee saam, en dit is die moeilikste wat die psalmdigter voorstel, is dat ons op die Here moet wag. In verse 5 en 6 sê die digter twee maal dat ons vir die Here moet wag. Wag beteken om met geduld aan God die tyd te gee wat Hy nodig het om veranderinge in my lewe te bring. Soos nagwagte wag dat die môreson moet opkom, so moet ons weer wag dat God sy warm en heerlike lig in my lewe sal laat skyn. Ja, jy kan wag, want die redding kom beslis (vs7).

*Sing: Psalm 130:2 (Cloete, p 640)*

*Dr. Riaan Rheeder (Wesrand)*